NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeder's Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: info@ngunicattle.info • Web: www.ngunicattle.info

1 Maart 2017

Beste Teler

Nguni Nasionale Veiling: 9 November 2017

Hiermee word u vriendelik uitgenooi om deel te neem aan die Nguni Genootskap se eerste Nasionale Veiling. Aangeheg is die reels en inskrywingsvorm.

Met hierdie veiling poog die Genootskap om diere van hoogstaande gehalte aan te bied. ‘n Maksimum van 50 diere gaan aangebied word.

Plek: Bloemfontein (venue sal later bekend gemaak word)
Datum: 9 November 2017
Tyd: 17:00

‘n Aandfunksie sal daarna gehou word en die volgende dag, 10 November 2017 sal die Algemene Jaarvergadering plaasvind.

Die Veilingskoördineerders is:

Pat Hobbs 082 773 7298
Freddie Besselaar 072 782 0057

Voorlopige inskrywings moet die kantoor voor 15 April 2017 bereik en volg asseblief met die kantoor op om te bevestig dat die kantoor wel u inskrywings ontvang het.

Verkoopsdiere moet voor 15 Julie 2017 op die plaas gekeur word.

Vir enige veilingsnavrae, kontak bogenoemde persone of die kantoor. Die Nasionale veiling kan slegs ‘n sukses wees indien u as teler saamwerk.

Groete

YOLANDA VENTER
KANTOOR BESTUURDER

Reëls:

1. Telers mag ‘n maksimum van twee diere òf van dieselfde geslag of van beide geslagte inskryf,
2. Die diere moet voor 17:00, 8 November 2017, by die veilingskrale wees.
3. U moet asseblief ‘n voorlopige inskrywing instuur waar u meer diere kan inskryf en die finale twee gekies sal word. Dit sal dan ook bepaal of daar aan die getal diere en verhouding tussen manlik en vroulik verander gaan word.
4. Die Genootskap behou die reg om die getal en verhouding aan te pas.
5. Daar sal ‘n finale inskrywingsdatum wees waarop die inskrywingsfooi betaal moet wees.
6. Die inskrywingsfooi beloop R2000.00 per dier waarvan R1000.00 terugbetaalbaar is, indien u diere by die veiling opdaag.
7. Manlike diere moet op die dag van die veiling tussen 36 en 96 maande oud wees.
8. Vroulike diere moet op die dag van die veiling tussen 24 en 72 maande oud wees.
9. Vroulike diere moet dragtig wees en binne die voorgeskrewe tussenkalfperiode kalf.
10. Die diere sal op die plaas geinspekteer word en inspeksie sal volgens ‘n keurkaart geskied.
11. Diere moet ‘n gemiddelde punt van 7 hê, met geen punt onder 6 nie.
12. Diere sal weer voor die veiling deur drie onafhanklike inspekteurs gekeur en gepunt word.
13. Diere met prulfoute sal gekanselleer word, maar as die punt net laag is, sal die diere net van die veiling onttrek word.
14. Die gewone reels van Skedule G2 sal geld.
15. Diere moet ook voldoen aan die aangehegde vereistes en indien jong bulle ingeskryf word, sal die ouers se prestasie in ag geneem word.
16. Inskrywings en lotnommers sal bepaal word op eerste inskrywings ontvang sowel as lootjies trek.
17. Voer vir die diere is die verkoper se eie verantwoordelikheid.
18. Reserwepryse sal tussen die verkoper en die afslaer bepaal word.
19. Al die rekords van die diere wat aangebied word, sal deur die Genootskap geverifieer word.
20. Die onus is op die koper om die bulle weer te laat toets vir vrugbaarheid
21. Die genootskap tree ter goeder trou op en die koper en verkoper vrywaar die genootskap van enige eise hoegenaamd in die verband.
22. Diere moet almal TB en BM vry getoets wees, nie langer as 90 dae voor veiling nie.
23. Bulle moet almal vir vrugbaarheid, Trigomoniase en Vibriose getoets word binne 90 dae van veilingsdatum.
24. Diere wat produksienorme oorskry, mag nie aangebied word op veilings onder die beskerming van die Nguni Genootskap nie.
25. Geen veranderings word toegelaat na afloop van die sluitingsdatum vir inskrywings nie.
26. Alle diere moet vry van bosluise, eksterne parasiete en veilingsgereed wees.
27. Verkopers wat na afloop van die veiling diere, wat op die veiling aangebied was (dws deur die ring gegaan het), privaat verkoop, sal aanspreeklik wees vir ALLE kommissie soos uiteengesit in die betrokke veilingsooreenkoms.